“Kitchen Dutch”

Sawubona! Ciao! Goeie dag! Die mooiste groet is Afrikaans!

Afrikaans is ‘n wonderlike taal met interressante spelling. Afrikaans, my taal, is ‘n mengsel van vele tale.

My taal klink mooi op die oor en rol lekker van die tong. Afrikaans het met die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap ontstaan uit meestal Nederlands - 90 tot 95% van Afrikaanse woorde kom van Nederlands. Daar is ook Duitse, Franse, Maleisiese, sowel as Khoisan woorde en klanke. Afrikaans is eers “Kitchen Dutch” genoem en is beskou as ‘n “swak” taal. Dit het die taal nie gestop nie.

Vandag praat meer as 17 miljoen mense wêreldwyd Afrikaans - 69ste op die lys van “100 Most Spoken Languages Around the World”.

Afrikaans is ‘n pragtige taal, dis my taal, my trots, my herkoms en ek verkies Afrikaans bo enige ander taal. Ek leer, dink en droom in **my** taal.

Hamba kahle! Addios! Totsiens! Wees gegroet in elke taal, veral in die mooiste taal – Afrikaans!